higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

12 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 15
1.2 TBOO
1.3 verenig
1.4 12
1.5 fundamentele
1.6 5
1.7 diagnostiese
1.8 leeruitkomste
1.9 aangemoedig
1.10 kritieke
1.11 gemeenskap
1.12 netwerke
1.13 intrinsieke
1.14 is nie
1.15 word nie
1.16 Bloom se taksonomie
1.17 oop
1.18 dialoog
1.19 Peter Elbow
1.20 alle faktore

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Onwaar
2.11 Onwaar
2.12 Onwaar
2.13 Onwaar
2.14 Waar
2.15 Onwaar
2.16 Waar
2.17 Waar
2.18 Onwaar
2.19 Waar
2.20 Waar

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 B
3.2 D
3.3 A
3.4 E
3.5 C
3.6 H
3.7 F
3.8 J
3.9 G
3.10 K

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 kritiese denke
4.2 holistiese
4.3 reflekse
4.4 mylpale
4.5 fyn-
4.6 groot-
4.7 John Bowlby
4.8 stimulasie
4.9 diagnostiese
4.10 kwosiënte

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1

INTELLIGENSIE-KWOSIËNT	EMOSIONELE KWOSIËNT	SPIRITUELE KWOSIËNT	SOSIALE KWOSIËNT
• Leer en onthou • Redeneer, beoordeel en verstaan	• Motiveer jouself • Is bewus van jou eie sterk punte ✓	• Soek na doel in die lewe✓ • Dink verby grense ✓ • Vra diepgaande vrae ✓	• Handhaaf sosiale vaardighede ✓ • Het blywende verhoudings met vriende ✓

(9 × 1) (9)

5.2 5.2.1
- Wanneer kinders aan stimulerende omgewings blootgestel word, kan dit tot ’n toename in IK lei.
- Wanneer kinders aan wanvoeding en/of verwaarlosing blootgestel word, kan dit hul IK negatief beïnvloed.
- Wanneer kinders voortdurend aan stresvolle situasies blootgestel word, kan dit hul IK-ontwikkeling belemmer. (3 × 2) (6)

5.2.2 Alfred Binet (1)

5.3
- Leerders met hoë EK kan hul portuurs met spesiale behoeftes beter aanvaar, begryp en bystaan omdat hulle empatie met sulke kinders sal betoon.
- Hulle sal beter met hul portuurs kommunikeer en hul leierskapsvaardighede gebruik om andere aan te moedig om hulle te aanvaar.
- Hulle sal nie bedreig voel nie en sulke kinders met liefde aanvaar.
- Leerders met hoë EK het gewoonlik ’n goed ontwikkelde en gesonde gevoel van eiewaarde en sal dus leerders met spesiale behoeftes help om ook hulle doelwitte te bereik. (Enige 2 × 4) (8)

5.4
- Leerders met hoë spirituele intelligensie is gewoonlik meer gefokus.
- Hulle is meer kreatief en gemotiveerd.
- Hulle is bewus van hul sterk punte en swakhede.
- Hulle huiwer nie om hulself te verbeter nie.
- Hulle is meer in beheer van hul optrede.
- Hulle is in staat om vooruit te beplan. (Enige 2 × 4) (8)

5.5 5.5.1 Die sentrale senuweestelsel bestaan uit die brein en die rugmurg en dit beheer elke beweging en elke aktiwiteit in die menslike liggaam.

5.5.2 Sensoriese inligting is inligting oor die manier waarop ons dinge in ons omgewing sien, hoor, proe, aanraak en voel.

5.5.3 Motoriese ontwikkeling is hoe beweging deur die sentrale senuweestelsel beheer word en hoe mense se omgewing hul beweging beïnvloed.

5.5.4 Die dinge in die omgewing wat ons stimuleer/aanmoedig om te beweeg/reageer.

(4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Wanneer 'n baba 'n positiewe verknogtheid aan die moeder/versorger het, sal die baba minder angstig wees. Dit sal tot emosionele stabiliteit en tevredenheid lei.

6.1.2 Interaksie sal breinontwikkeling stimuleer aangesien die baba aan nuwe elemente blootgestel word. Wanneer die moeder met die baba praat en vir hom/haar sing, word breinontwikkeling gestimuleer.

6.1.3 Wanneer die moeder met die baba in interaksie tree, sal groot- en fynmotoriese vaardighede ontwikkel. Spel stimuleer koördinasie en spierontwikkeling.

(3 × 3) (9)

6.2 6.2.1
- Vermydende babas vorm nie 'n verknogtheid/gehegtheid aan hul moeders nie en sukkel dus om verbintenisse met ander ander volwassenes te ontwikkel.
- Hulle klou nie aan die moeder vas of huil nie as die moeder weggaan nie, en kom dus dikwels selfversekerd en onafhanklik voor.
- Hulle demonstreer weinig voorkeur tussen die moeder en 'n vreemdeling.

6.2.2
- Geborge babas wys wanneer hulle bang, kwaad of gelukkig is.
- Hulle is vriendelik met hul moeders maar kan senuweeagtig teenoor vreemdelinge wees.
- Hulle wil deur die moeder getroos/gerusgestel word wanneer hulle bang is.
- Die terugkeer van die moeder ná skeiding word met positiewe emosies begroet.

6.2.3
- Angstige babas wys aggressie teenoor hul moeders, maar wil terselfdertyd by hulle wees.
- Hulle word kwaad of ontsteld wanneer hul moeders weggaan.
- Hulle is versigtig/lugtig vir vreemdelinge.
- Dit lyk nie asof die moeder se terugkeer hulle gerusstel nie.

(3 × 2) (6)

6.3 Tim is in die pre-konvensionele moraliteitstadium, wat beteken dat hy die korrekte ding doen om gesagsfigure se goedkeuring te bekom en verkeerde handelinge vermy omdat dit afgekeur word. Hy beskou nog nie sy handelinge as 'goed' of 'sleg' op sigself nie. (4)

6.4
- Ouers praat van geboorte af met hul babas: dit het taalontwikkeling tot gevolg, wat tot kognitiewe ontwikkeling lei.
- Kinders leer deur begrip en deur na hul ouers se taal te luister. Ouers gee instruksies aan kinders en daarna voer hulle die instruksies uit om die bepaalde probleem op te los.
- Op hierdie manier lei taal en kommunikasie tussen die ouer en die kind tot kognitiewe ontwikkeling. (Enige EEN) (2)

Kopiereg voorbehou

6.5 6.5.1 Behoeftegebaseerde onderwys is onderwys met die fokus daarop om leerders vir die werklike lewe voor te berei, en hulle in staat te stel om aan te hou leer. Die doel daarvan is om die spesifieke behoeftes van kinders te hanteer en daarin te voorsien.

6.5.2 Uitkomsgebaseerde onderwys is onderwys met die fokus daarop om leerders voor te berei om in die werklike lewe te kan demonstreer wat hulle geleer het. Leerders is bewus van duidelike en meetbare uitkomste wat bereik moet word.

(2 × 2) (4)

6.6 leer (1)

6.7 6.7.1
- Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk maak dit vir leerders moontlik om self te sien hoe hulle van een vlak na die volgende kan vorder.
- Werkgewers sal ook ’n duidelike idee hê van die vlak van kwalifikasie waaroor hul werknemers moet beskik.
- Dit dien ook as ’n aansporing omdat hulle kan sien hoe hulle met die NKR-band opbeweeg. (Enige 2 × 2)

6.7.2
- KKO-programme is belangrik om kinders vir formele skoolopleiding voor te berei.
- KKO-programme stimuleer breinontwikkeling.
- KKO-opvoeders kan spesiale behoeftes by kinders identifiseer en hulle vir remediërende hulp verwys.
- Vroeë ingryping kan voorkom dat probleme vererger/eskaleer.
- KKO-programme volg ’n holistiese benadering en dit verseker dat kinders holisties ontwikkel. (Enige 2 × 2)

6.7.3
- Inklusiewe onderwys is belangrik omdat dit verseker dat alle kinders gelyk behandel word en gelyke geleenthede het om sukses in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te behaal.
- Inklusiewe onderwys stel alle leerders met gestremdhede in staat om ook tot die land se ontwikkeling by te dra.
- Leerders met gestremdhede sal nie geïsoleer voel nie en sal dieselfde geleenthede as die res van die leerders kry.

(Enige 2 × 2)
(3 × 4) (12)

6.8
- Dit sal leerders aanmoedig om nuwe geleenthede te ontwikkel en aan te gryp.
- Dit sal hul waardigheid ontwikkel en hulle selfvertroue gee om tot hul volle potensiaal te ontwikkel.
- Leerders pas entrepreneursvaardighede toe en genereer ’n inkomste en verbeter hul lewens. (Enige EEN) (2)

[40]

VRAAG 7

7.1



(5)

7.2 7.2.1

- Lede van die gemeenskap kan verenig om misdaad te beveg om 'n voorbeeld aan die kinders in die gemeenskap te stel.
- Die gemeenskap kan 'n jeuggroep stig wat deur kerke bedryf word om gesonde waardes te ontwikkel en aan te moedig.
- Die gemeenskap kan gassprekers uitnooi om oor gesonde waardes te praat. (Enige EEN)

7.2.2

- Gemeenskappe kan 'n 'maaltye-op-wiele'-projek ontwikkel om kos na minderbevoorregte kinders in die gemeenskap te neem.
- Gemeenskappe kan onderrignetwerke skep om kinders met leergestremdhede te help.
- Gemeenskappe kan verseker dat siek kinders deur bure versorg word en die kliniek inlig oor kinders wat in nood verkeer.
- Finansiële ondersteuning kan deur middel van gemeenskapsprojekte bekom word om kinders met fisieke behoeftes te help, bv leesbrille, gehoorapparate, ens.

(Enige EEN)

7.2.3

- Gemeenskappe kan weier om misdadigers in hul gemeenskap te beskerm om 'n gesonde gemeenskapsgevoel te verseker.
- Gemeenskappe kan kinders aanmoedig om middelmisbruik te vermy deur te verseker dat daar genoeg gesonde aktiwiteite in die gemeenskap plaasvind.
- Gemeenskappe kan kinders en ouers aanmoedig om godsdienstige/gemeenskapsbyeenkomste by te woon.

(Enige EEN)
(3 × 2) (6)

7.3
- Die onderwyser kan erkenning aan alle kulture in die klaskamer gee.
- Die onderwyser moet gedurende onderrig en leer voorbeelde van verskillende kulture gebruik.
- Die onderwyser moet verseker dat leerhulpmiddels alle kulture insluit wat in die klaskamer verteenwoordig word.
- Die onderwyser kan kultuurdae aanbied waartydens leerders kultuurdrag aantrek om kinders van ander kulture bewus te maak en waardering daarvoor te kweek.
- Die onderwyser moet liedjies van verskillende kulture in die klas gebruik.
- Die onderwyser kan plakkate van verskillende kulture in die klaskamer gebruik.
- Ouers van verskillende kulture kan na die klaskamer genooi word om inligting oor hul kultuur te gee. (Enige 3 × 2) (6)

7.4
- Studiegroepe kan gevorm word om kinders met leerbehoeftes met hul skoolwerk te help.
- Deur middel van onderrignetwerke kan die gemeenskap remediërende hulp aan leerders met spesiale behoeftes voorsien.
- Onderrignetwerke kan bedryf word deur mense in die gemeenskap wat aan die kinders bekend is. Dit sal kinders aanmoedig om daaraan deel te neem. Indien dit deur gerespekteerde gemeenskapslede bestuur word, word die kinders se veiligheid gewaarborg.
- Die kinders hoef ook nie ver te reis om hulp te kry nie. Omdat dit derhalwe nie baie geld sal kos nie, kan benadeelde kinders ook baat daarby vind.

(Enige 2 × 2) (4)

7.5 David Werner (1)

7.6 Maletsane was 14 dae gedurende die skooljaar afwesig.
MAAR WAAROM?
Omdat sy moedeloos voel omdat sy nie met die skoolwerk kan byhou nie.
MAAR WAAROM?
Omdat Maletsane disleksie het en dit moeilik vind om te leer.
MAAR WAAROM?
Sy kry nie hulp van die skool om haar disleksieprobleem te probeer oplos nie.
MAAR WAAROM?
Die skool weet nie wie hulle kan kontak om Maletsane met haar probleem te help nie. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 8

8.1 Waarom; Wanneer; Waar; Wat; Wie en Hoe (6)

8.2 '... lewer bewys van sy argument'
'... is hy in staat om Michael te oortuig' (2)

8.3 Waarom sal ek nie aandag aan die motor gee as ek weet dat dit ons enigste ryding is nie?
Waarom sal ek die motor verwaarloos as ek weet dat ons nie geld het om die motor te vervang nie? (Enige EEN) (2)

8.4
- Die leerders sal nie objektief kan bly en helder oordeel kan openbaar nie.
- Die leerders kan handgemeen raak en mekaar seermaak.
- Die medeleerders kan ook by die bakleiery betrokke raak en dit kan chaos veroorsaak.
- Die leerders kan mekaar negatiewe dinge toesnou en mekaar se gevoelens seermaak.
- Die leerders sal nie leer dat 'n argument op 'n geskikte manier met positiewe resultate gehanteer kan word nie. (Enige 3 × 2) (6)

8.5
- Die onderwyser kan verseker dat hy/sy 'n voorbeeld van morele gedrag vir die kinders in die klas stel wat hulle kan navolg.
- Die onderwyser kan ook feeverhale en stories lees/vertel wat morele voorbeelde bevat. Kinders is geneig om hierdie karakters in 'n storie na te volg.
- Die onderwyser kan rolspel gebruik om morele gedrag te demonstreer. (Enige 2 × 2) (4)

8.6 Duisende honger kinders stap daagliks kaalvoet skool toe.
Dit is 'n absolute tragedie ─ vroue sterf terwyl die samelewing partytjie hou!
(2 × 2) (4)

8.7 Sterk punte
Swakhede
Geleenthede
Bedreigings (4)

8.8
- 'n Bron moet aangehaal word om die lesers te oortuig dat dit betroubaar is en dat legitieme/korrekte inligting gebruik is.
- Deur bronne aan te haal erken 'n mens die oorspronklike outeur van die bron en gee krediet aan hom/haar.
- 'n Mens vermy plagiaat deur jou bronne aan te haal. Die lesers/gehoor kan inligting verifieer. (Enige EEN) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou